Dinsdag **6 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 4:1-26**

**Fokusgedeelte: Johannes 4:23, 24 (AFR2020)**

## God soek ware aanbidders

Ons Here Jesus ontmoet ’n Samaritaanse vrou waar sy kom water haal om haar dors te les. Deur ’n paar weldeurdagte vrae wys die Here vir haar hoe dor en droog haar lewe eintlik is. Ten diepste het sy ’n behoefte na God, om Hom te dien, want dit is waarvoor sy geskep is. Sy het egter haar behoefte na Hom probeer bevredig met aardse goed, onder andere ’n vorm van godsdiens waar dit meer gaan oor wat en waar as wie en waarom.

Ware aanbidders, sê Jesus, is diegene wat die Vader in gees en waarheid aanbid. Johannes 3:5, 6 maak duidelik dat slegs mense wat deur die Gees vernuwe is in die geestelike kan deel. Johannes 14:6 maak duidelik dat Jesus self die waarheid is. Alleen deur die wedergeboorte wat in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord (waarheid) en deur die werking van die Heilige Gees kan ons die Vader aanbid soos Hy verlang (sien NGB 24). Dit is dus alles aan God te danke dat ons Hom enigsins kan en wil dien! Hy maak van ons ware aanbidders!

Aanbidding het as kern die gedagte dat jy eer, respek, ontsag en onderdanigheid aan iemand groter of meer as jy bewys deur gesig eerste op die grond voor hom te gaan lê. Totale onderwerping. Jou ganse menswees. Die Vader soek mense wat Hom so aanbid: in, deur en met alles. Ek behoort dus besig te wees met aanbidding wanneer ek werk, braai, eksamen skryf of in die slaapkamer is. En, die wonder is: Daar is vir my niks beter as om God so te aanbid nie! Deur aanbidding word die fontein wat Hy in ons laat ontspring ’n stroom van lewende water wat ons geestelike dors geheel en al les en wat so sterk opborrel dat dit ons ewig onderhou.

*Sing: Psalm 84-1:3, 6*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*